

# Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: [kontak@nuwelied.info](mailto:kontak@nuwelied.info)  
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

*Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!*

## Parashah 21: Ki Tisa (חשא כ״): Oplig

יהוה *het met Moshe gepraat en gesê: “As jy die volle getal van die kinders van Yisra’el opneem om hulle te tel, moet elke man loskoopgeld vir sy lewe aan יהוה gee wanneer hulle getel word sodat daar geen plaag onder hulle sal wees wanneer hulle getel word nie. Ex. 30:11 en 12 – PWL<sup>1</sup>*

**Torah:** Exodus 30:11 tot 34:35

**Haftorah:** 1 Kon. 18:1 tot 39.

**Nuwe Verbond:** Hand. 7:39 tot 42; Hand. 17:29 tot 31; 1 Kor. 6:9 tot 11; 1 Kor. 10:1 tot 13; 2 Kor. 6:14 tot 7:1; Heb. 3:1 tot 6; Heb. 4:9.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir parashah 21 wat afgelaai kan word by: [Parashah21Notas14](#) of by [Parashah21Notas15](#).

*For more than 60 years the Christian church has gone around the world telling people to "pray this little prayer after me" in order to be 'saved' or converted. Some call it "Asking Jesus into your heart" or 'Giving your heart to the Lord,' or praying the "Sinner's prayer." But would it surprise you to learn that such a thing is found NOWHERE in the entire Bible? Is there ever a time when an apostle or evangelist in the New Testament leads someone in such a "salvation prayer" – or anything like it? No, never – Andrew Strom.*

*If Yeshua had preached the same message that spiritual leaders preach today, He would never have been crucified.*

*If a man will stand before God he will never kneel before men – Leonard Ravenhill.*

<sup>1</sup> Alle teksverwysings is geneem uit PWL Vertaling, behalwe waar anders vermeld. Die PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by [www.padwlewe.ch](http://www.padwlewe.ch), maar is ook nou in gedrukte formaat beskikbaar. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by [padwlewe@yahoo.com](mailto:padwlewe@yahoo.com) of telefonies by 074 361 2134 gekontak word.

## Torah Bespreking

### ‘n Waterskeidings Gebeurtenis!

Die belangrikste gebeurtenis in hierdie week se Torah Skriflesing is die aanbidding van die goue kalf. Dit was een van Israel se waterskeidings gebeurtenisse wat ‘n verandering teweeggebring het wat tot Yeshua se koms hulle daaglikse lewe en hulle verhouding met YHVH sou beïnvloed. Hierdie gebeurtenis was die verbreking van die verbond wat YHVH met hulle gesluit het en waarvan ons in Ex. 19:1 tot 24:11 lees. Hierdie boek van die verbond (Ex. 24:7) wat ‘n bloedverbond was, is deur Israel verbreek toe hulle ‘n goue kalf aanbid het deur die woorde van Aäron te glo toe hy gesê het: *Dit is jou god, o Yisra'el, wat jou uit die land van Mitzrayim laat optrek het* (Ex. 32:4), asook geglo het dat hulle ‘n fees hou tot eer van YHVH (Ex. 32:5).

Israel het uitwissing in die gesig gestaar!

*יהוה het vir Moshe gesê: “Ek het hierdie volk gesien en, let op, hulle is ’n hardnekkige volk. Laat My daarom alleen sodat My wraak teen hulle kan brand en Ek hulle verteer en Ek sal van jou ’n groot nasie maak.”* Ex. 32:9 en 10.

Die verbreking van ‘n bloedverbond vereis die sterwe van die oortreder! Maar Moses het YHVH sy God om onverdiende guns gesmeek:

*Hoekom sou die Mitzrayiete praat en sê: ‘Hy het hulle uitgelei om hulle kwaad aan te doen, in die berge om te bring en hulle van die aardbodem af te vernietig?’ Draai weg van U brandende wraak en verander U gedagtes om skade te doen aan U volk. Onthou vir Avraham, Yitz'gak en Yisra'el, U diensknegte, vir wie U by Uself gesweer en aan wie U gesê het: ‘Ek sal julle nageslag vermeerder soos die sterre van die hemel en hierdie hele land waarvan Ek gepraat het, sal Ek aan julle nageslag gee sodat hulle dit vir ewig kan besit.*  
Ex. 32:12 en 13.

Die gevolg was dat YHVH aan Israel die boek van die wet – al YHVH se onderrig en instruksies – gegee het wat Israel in bewaring gehou het tot Yeshua Messias gekom het. Hierdie was nie ‘n bloedverbond nie, maar wel ‘n eensydig verklaring deur YHVH. Daar was geen aanbod en dus het Israel geen keuse gehad nie. So was daar ook geen verseëling deur bloed nie en ook geen verbondsmaaltyd was geëet nie.

Paulus verwys na hierdie boek van die wet in Gal. 3:10 toe hy geskryf het:

*want almal wat ‘staatmaak op die onderhouding van die wet,’ is onder ’n vloek, want daar is geskryf: “Vervloek is elkeen wat nie voortdurend alles sal doen wat in hierdie boek van die wet geskryf is nie.”*

Hierdie boek van die wet was ons tugmeester tot Yeshua gekom het en was gegrond op werke. Israel moes alles doen wat in die wet gekrywe was. Dit het Israel in bewaring gehou tot die dag soos deur YHVH bepaal het, dat Yeshua ons kom vrysprek het.

*maar voordat die vertroude gekom het, is ons begelei deur die wet terwyl ons afgesny was van die vertroude wat op die punt was om openbaar te word.*

*Die geskrewe wet was dus vir ons ’n gids na Die Gesalfde Een toe sodat ons onskuldig verklaar kan word deur vertroude,  
maar sedert die vertroude gekom het, is ons nie onder ’n gids nie,*

*want julle is almal kinders van God deur die vertroue in Yeshua, Die Gesalfde Een, want julle almal wat in Die Gesalfde Een gedoop is, het Die Gesalfde Een aangetrek. Gal. 3:23 tot 27.*

Hierdie wetboek was die getuienis dat ons skuldig is aan die oortreding van die wet en daarom verdien ons die dood, want die loon van die sonde is die dood (Rom. 6:23). Maar deur die onverdiende guns van YHVH in Yeshua is die geskrewe aanklag teen ons uitgevee en aan die kruis vasgeslaan (Kol. 2:14 en 15).

**Nota:** Die verskil tussen die boek van die verbond en die boek van die wet was in Parashah 19 meer volledig bespreek en kan afgelaai word by: [Parashah19Notas16](#).

Die skrywer van die brief aan die Hebreërs verwys na die boek van die verbond toe hy gesê het:

*“Let op, daar kom dae, sê יהוה, dat Ek oor die huis van Yisra'el en oor die huis van Y'hudah 'n nuwe verbond tot sy doel sal bring, **nie volgens die verbond wat Ek vir hulle vaders gegee het op die dag toe Ek hulle aan die hand gegryp het**, om hulle uit Mitzrayim uit te lei nie, want hulle het nie gebly in My verbond nie en Ek het hulle verwerp,” sê יהוה.*  
Heb. 8:8 en 9.

Hierdie nuwe verbond is beter as die boek van die verbond, want Yeshua is die Tussenganger (Middelaar) van hierdie verbond (Heb. 8:6), asook die Hoofpriester volgens die orde van Melgisédek.

Daarom is elkeen wat vertrou in Yeshua as die Messias, en na al Sy Woorde (onderrig en instruksies) luister en dit doen, ‘n gekose nasie om as priesters te dien!

*Julle is 'n gekose nasie, om te dien as priesters in die Koninkryk, 'n afgesonderde volk, bymeekaargemaak en bevry, om die lofprysing van Hom, wat julle uit die duisternis geroep het, te verkondig tot Sy wonderlike lig, julle wat vroeër geen volk was nie, maar nou die volk van God is; vir wie niemand omgee het nie, maar nou word omgee oor julle uitgestort.*  
1 Pet. 2:9 en 10.

## **Bepeins of Bespreek**

1. Rabbynse Judaïsme het alles gereed vir die bou van die derde tempel. Ja, selfs die Levitiese priesterorde staan gereed om weer diens te verrig. Maar nou moet ons vra: Hoekom wil ons weer die Levitiese priesterorde instel wanneer die Skrifte van die nuwe verbond duidelik verklaar dat hierdie priesterorde onvolmaak is, uitgedien is en ondergeskik gestel word aan die priesterskap volgens die Melgisédekorde? Lees die volgende aandagtig:

*So was hy (Abraham) geduldig en het hy die belofte ontvang,  
maar mense sweer 'n eed by een wat groter as hulle is en die bevestiging deur 'n eed is  
vir hulle die einde van alle verskille;  
daarom het God omdat Hy nog kragtiger aan die erfgename van die belofte die  
onveranderlikheid van Sy wil wou wys, dit met 'n eed bevestig  
sodat ons deur twee onveranderlike dinge, waarin dit onmoontlik is dat God sou lieg,  
groot vertroosting kan hê, ons wat in Hom skuiling gesoek het en sodat ons die  
versekerde verwagting mag vasgryp wat aan ons belowe is:*

***Hy, wat vir ons soos 'n anker is, wat vashou in ons lewe, wat nie beweeg sal word nie en binnekant die skeidingsgordyn ingegaan het, waar Yeshua vroeër ingegaan het namens ons en die ewige nie-Levitiese Priester geword het volgens die voorbeeld van Malki-Tzedek. Heb. 6:15 tot 20***

YHVH het deur twee onveranderlike dinge – Sy Woord en die verbond met Abraham – vir ons Yeshua as Ewige Hoofpriester volgens die orde van Melgisédek gegee. Deur vertrou in Yeshua as die Messias het YHVH ons as priesters van Sy huis (Sy Koninkryk) aangestel!

Gaan jy jou ‘aanstelling’ aan die Levitiese priesterorde ‘teruggee’? Sal dit nie ‘n verwerping van Yeshua wees en van dit wat Vader-God deur Yeshua aan ons geskenk het nie?

Dan lees ons verder in Heb. 7:17 tot 19.

*want Hy getuig aangaande Hom: “U is nie-Levitiese Priester vir ewig volgens die beeld van Malki-Tzedek,”*

*want daar was eers 'n verandering aan die orde weens die onvermoë daarvan en dat daar geen voordeel in was nie,*

*want die geskrewe wet het niks tot sy einddoel gebring nie, maar 'n versekerde verwagting het in sy plek ingekom, waarin ons tot God nader, wat beter is as dit.*

In die 1953 vertaling lees vers 19 soos volg: *omdat die wet niks volkome gemaak het nie!!* Waarom sal ons dan wil teruggaan na die Levitiese priesterskap wat niks volmaak kon maak nie? Paulus sê daarom dat die einddoel van die geskrewe wet is Die Gesalfde Een tot onpartydige opregtheid aan elkeen wat vertrou (Rom. 10:4). Dit bevestig weereens dat die boek van die wet ons tugmeester was tot Yeshua gekom het!

Sal YHVH weer ‘n Hoofpriester met swakhede aanstel? Nee!! Yeshua as die Hoofpriester volgens die orde van Melgisédek is die volmaakte en die ewige doel wat YHVH van die begin af beplan het en wat na die folterdood en opstanding van Yeshua weer herstel is! Heb. 7:23 tot 28 bevestig juis dit:

*Hulle (die Leviete) het priesters geword in groot getalle omdat hulle deur die dood verhinder is om voort te gaan,*

*maar omdat Hy ewig is, gaan Sy nie-Levitiese Priesterskap nie verby nie en kan Hy ewige lewe gee aan hulle wat deur Hom naderkom na God toe, want Hy leef vir altyd en offer gebede in ons plek,*

*want so 'n nie-Levitiese Hoofpriester is ook reg vir ons, rein, sonder boosheid, sonder ontering, wat afgesonderd is van sonde en wat hoër as die hemele opgelig is; wat nie nodig het, soos die vorige hoofpriesters, om elke dag vir Sy eie sondes offers te bring en dan vir dié van die mense nie, want Hy het dit eenmalig gedoen deur Sy lewe te offer,*

*want die wet stel mense met swakhede as hoofpriesters aan, maar die boodskap van die eed, wat ná die wet is, stel die Seun aan, wat vir ewig die doel bereik.*

2. Die waarheid dat ons as volgelinge van Yeshua vry is van die Levitiese priesterorde, en nou aangestel is as ‘n koninklike priesterdom van Melgisédek oor die huis van YHVH, was vir ons, en vir baie ander, ook ‘n waterskeidings oomblik. Soos Yeshua gesê het:

*“As julle voortdurend in My boodskap bly, dan is julle ware studentevolgelinge van My en julle sal die waarheid ken en daardie waarheid sal julle vrymaak.” Joh. 8:31 en 32.*

3. Soos in vorige Torahskriflesing bespreek is, moet elkeen wat ‘n volgeling van Yeshua is ‘n keuse maak: Onder wat priesterskap staan jy? Onder die priesterskap van Levi of die priesterskap van Melgisédek? Miskien sal Yeshua, soos Moses, vandag ook vir ons sê: *Wie vir Melgisédek is, kom na my toe ! (Ex. 32:26).* Wat kies jy?
  - Yeshua plus Levitiese priesterskap met al die onderrig en instruksies ten opsigte van elke individu se verantwoordelikheid teenoor die Leviete?
  - Yeshua plus Melgisédek priesterskap waar elke volgeling van Yeshua ‘n priester is en diens doen volgens die organisasie struktuur van die gemeente soos die Skrifte van die nuwe verbond dit vir ons verduidelik??
4. Yeshua het gesê: *Gaan in deur die nou hek, want die hek wat na vernietiging lei is breed en die pad wyd en baie gaan in, maar die hek is klein en die pad smal wat na die lewe lei en daar is min wat dit vind!* (Matt. 7:13 en 14). Is die smal weg die Melgisédek weg?
5. Rabbynse Judaïsme verwerp Yeshua en daarmee saam die Skrifte van die nuwe verbond. Derhalwe is hulle verblind vir die waarheid van die herstelde Melgisédek priesterskap en gee ‘n ander verklaring daarvan. Is hierdie nie genoeg rede om te waarsku teen die gevaar van die misleiding van Rabbynse Judaïsme nie?
6. Die brief aan die Hebreërs word deur baie wat deel is van die Messiaanse Beweging bevraagteken. Daar is selfs diegene wat van mening is dat dit uit die Skrifte van die nuwe verbond weggelaat moet word. Wat is die rede hiervoor? Is dit die gees van die anti-messias wat weet dat sonder hierdie brief aan die Hebreërs sal ons nie in die lig van die openbaring van die Melgisédekorde kan loop nie?

### **Aanbid jy ‘n Goue Kalf?**

Aanbid jy dalk ‘n goue kalf sonder dat jy daarvan bewus is? Waarskynlik sal jy, net soos toe ek die eerste keer hiermee gekonfronteer was, vinnig wees om ‘Nee’ te antwoord. En tog vereis hierdie vraag van ons elkeen om eers ernstige selfondersoek te doen alvorens ons antwoord. Dit is nodig om in die lig van die goue kalf wat Aäron vir Israel gebou het, en die rede hoekom hy dit gedoen het, eers te besin voor jy antwoord.

Begaan ons nie dikwels die dieselfde fout as Aäron en die volk Israel nie? Bou ons nie ook dikwels ‘n goue kalfbeeld en aanbid dit in die oortuiging dat dit die ware Lewende God van Abraham, Isak en Jakob is wat ons dien nie?

Ons lees in Ex. 32:1 tot 5 die volgende:

*Toe die volk sien dat Moshe lank vat om van die berg af te kom, het die volk by Aharon bymekaargekom en vir hom gesê: “Staan op, maak vir ons gode wat voor ons uit sal gaan, want hierdie Moshe, die man wat ons uit die land van Mitzrayim uitgebring het, ons weet nie wat van hom geword het nie.”*

*Aharon sê vir hulle: “Haal die goue ringe af wat aan die ore van julle vroue, julle seuns en julle dogters is en bring dit vir my.”*

*Die hele volk het die goue ringe, wat aan hulle ore was, afgehaal en dit na Aharon gebring.*

*Hy het dit uit hulle hand gevat en dit met 'n beitel bewerk totdat hy daarvan 'n gegote kalf gemaak het. Hulle het gesê: "Dit is jou god, o Yisra'el, wat jou uit die land van Mitzrayim laat optrek het."*

*Toe Aharon dit sien, het hy 'n altaar voor dit gebou en Aharon het uitgeroep en gesê: "Môre is 'n fees tot eer van יהוה."*

Het Israel werklik geglo dat hierdie kalfgod die ware Almagtige Skepper-God is? Het Israel vir YHVH totaal verwerp deur 'n kalfgod te bou en te aanbid? Die antwoord op beide hierdie vrae is 'Nee'. Israel het bloot geglo dat hierdie kalfgod YHVH verteenwoordig. Hulle het geglo dat die Karakter en Outoriteit van YHVH deur hierdie kalfgod verteenwoordig word. Israel was oortuig dat hierdie kalfgod YHVH hulle Verlosser van die Egiptiese slawejuk verteenwoordig!

Wat was die oorsaak van hierdie misleiding? Die volgende is die mees waarskynlike rede: Die mens het weens sy sondige aard die geneigdheid om 'n god te wil dien wat volgens eie maatstaf en standaard is. Ons almal is geneig om vir ons 'n kalfgod te wil maak. Die rede is dat so 'n kalfgod gemanipuleer en beheer kan word en nie werklike aanspreeklikheid van ons vereis nie.

Dit is baie makliker om 'n kalfgod te dien as YHVH die Almagtige, want ek kan 'n goue kalf dien soos ek wil, wanneer ek wil en indien ek wil. Ek kan kies watter dag 'n rusdag is, my eie feesdae bepaal en self kies wat rein en onrein is (reg en verkeerd). 'n Kalfgod laat my toe om myself te verryk en dit 'n bediening te noem. Laastens, en die belangrikste, is dat 'n goue kalfgod my altyd goed laat lyk en goed laat voel, want die fokus is op die eie-ek (selfisme, materialisme).

Bill Bullock verduidelik dit soos volg in sy notas van Parashah 21:

*Alas Beloved, herein lies a very sad truth. The truth is that there is something about fallen man that will always, if given a choice, choose a god he can mould himself according to his own tastes.*

*Such a "god", you see, man can manipulate and control.*

*To such a "god", man is not in any meaningful way accountable.*

*Such a "god" is always easier to serve than the Holy One – a God Whom we absolutely cannot ever manipulate or control, and to whom we are accountable for every thought, attitude, opinion, word, and deed.*

*A handmade "god" is therefore to the baser instincts of man much more palatable than the true God – He who is Who He Is and Who Does What He Does **whether we like it – or understand it -- or not.***

*A calf-god is, after all, a much more convenient god. A calf-god can be served any way we want, any time we want, **if** we want.*

*A calf-god lets US look good, lets US run the show and lets US get the glory.*

*A calf-god lets US hold meetings that are all about us and what we like and call it 'worship', and form tax-exempt corporations and call them 'ministries'.*

*A calf-god does not call upon us to fulfil our potential, does not confront us over luke warmth or complacency – and does not discipline us when we neglect our calling or forsake our destiny.*

*No wonder the former slaves at Sinai wanted a calf-god, Beloved. No wonder most people on earth still do.*

Hoewel Israel se bedoelings opreg was, het 'n kalfgod egter die ware God van Abraham, Isak en Jakob vervang. Die ware 'beeld' van YHVH, naamlik Sy Karakter en Outoriteit, was vervang met 'n goue beeld wat soos 'n kalf gelyk het en wat die sintuie bevredig het.

Die vraag wat ons elkeen dus moet vra, is: Het ek dalk 'n goue kalf vir myself opgerig wat die plek van YHVH ingeneem het? Met goeie bedoelings kan ek hierdie kalfgod aanbid en ook 'n altaar bou en 'n feesdag tot sy eer uitroep, terwyl ek egter met afgodery besig is.

Wil jy weet of jy 'n kalfgod in jou lewe dien? Toets jouself aan die hand van die tien gebooie. Onderhou jy al tien of minag jy byvoorbeeld die vierde gebod – die shabbatsgebod? Is dit jou begeerte om aan al tien gehoorsaam te wees al faal jy soms? Glo jy dat vertrou in Yeshua as Messias jou nie onthef het nie van gehoorsaamheid aan YHVH se Torah? Indien jy **nie** met 'n besliste “Ja” op al hierdie vrae kan antwoord nie, aanbid jy 'n goue kalfgod!! Dan dien jy nie die God wat jou uit die Egipte van sonde slawerny bevry het nie, maar wel 'n goue kalf wat jy vir jouself opgerig het.

Ons moet ook onthou: Goeie bedoelings is ook nie 'n plaasvervanger vir gehoorsaamheid nie. Israel se goeie bedoelings was nie regverdiging vir die goue kalf nie. Indien goeie bedoelings vir YHVH aanvaarbaar was, sou Hy dit vir ons gesê het.

'n Goue kalf getuig van hardnekkigheid wat rebellie teen YHVH se gesag is. Kain het ook probeer om YHVH op 'n mensgemaakte wyse te dien en te aanbid en hy het 'n duur prys daarvoor betaal (Gen. 4:1 tot 12). So ook het Nadab en Abihu *vreemde vuur voor die aangesig van YHVH gebring, wat Hy hulle nie beveel het nie* en hulle het gesterwe (Lev. 10:1 en 2). Saul was sy koningskap kwyt omrede hy ongehoorsaam was aan YHVH se opdrag om alles met die banvloek te tref (1 Sam. 15:19 tot 23). Die woorde van Samuel spreek steeds tot ons vandag:

*“Het יהוה soveel behae in brandoffers en slagoffers soos in gehoorsaamheid aan die stem van יהוה? Let op, om gehoorsaam te wees is beter as offers; om te luister beter as die vet van ramme, want rebellie is soos die sonde van waarsêery en opstandigheid is soos oortredings en afgodery. Omdat jy die woord van יהוה verwerp het, het Hy jou as koning verwerp.”*

1 Sam. 15:22 en 23.

Ongehoorsaamheid aan YHVH se onderrig en instruksies soos in Yeshua vevrul is, is afgodery en beelddiens – dit is om 'n kalfgod op te rig en te aanbid. Dit is om jou eie geregtigheid op te rig (Rom. 10:2 en 3) en nie die geregtigheid van YHVH te soek nie (Matt. 6:33).

### **Bepeins of Bespreek**

1. Laat ons in hierdie tye die goue gode uit ons lewens verwyder en laat ons nie die woorde van YHVH ons God en Vader vergeet nie toe Hy aan Moses gesê het: *“Wie ook al teen My gesondig het, dié sal Ek uitvee uit My boek* (Ex. 32:22). Maar laat ons ook seker maak dat ons voortdurend dankbaar is vir 'n nie-Levitiese Hoofpriester volgens die orde van

Melgisédek – een wat sit op die regterkant van die troon van HaG’dulah (die Grootheid) in die hemel (Heb. 8:1) – een wat medelye met ons swakhede het (Heb. 4:15) en een wat ewige lewe gee aan elkeen wat deur Hom naderkom na God toe (Heb. 7:25).

*Hulle (Leviëte) het priesters geword in groot getalle omdat hulle deur die dood verhinder is om voort te gaan,  
 maar omdat Hy ewig is, gaan Sy nie-Levitiese Priesterskap nie verby nie en kan Hy ewige lewe gee aan hulle wat deur Hom naderkom na God toe, want Hy leef vir altyd en offer gebede in ons plek,  
 want so 'n nie-Levitiese Hoofpriester is ook reg vir ons, rein, sonder boosheid, sonder ontering, wat afgesonderd is van sonde en wat hoër as die hemele opgelig is;  
 wat nie nodig het, soos die vorige hoofpriesters, om elke dag vir Sy eie sondes offers te bring en dan vir dié van die mense nie, want Hy het dit eenmalig gedoen deur Sy lewe te offer,  
 want die wet stel mense met swakhede as hoofpriesters aan, maar die boodskap van die eed, wat ná die wet is, stel die Seun aan, wat vir ewig die doel bereik. Heb. 7:23 tot 28*

Ons het 'n Middelaar van 'n beter verbond wat op beter beloftes gegrond is (Heb. 7:22; Heb. 8:6). Yeshua, die Bedienaar van die Huis van Afsondering en van die ware Tabernakel (tentwoning), wat God opgeslaan het (Heb. 8:2).

### **Persoonlike Getuienis**

Ek is oortuig dat die opdrag van Paulus aan Timotheus op my, asook op ons elkeen, steeds van toepassing is, naamlik: *Let op jouself, dat jy jouself volmaak voor God aanbied, as 'n werker wat hom nie hoef te skaam nie, wat die boodskap van die waarheid reguit verkondig* (2 Tim. 2:15). In die 1953 lees dit: *om die woord van die waarheid reg te sny*. Daarom moet ons doelwit wees om elke dag geestelik te groei tot ons geestelike volwassendheid in Yeshua bereik sodat ons YHVH se woord reg kan sny! Petrus stel dit soos volg:

*maar julle moet groei in die onverdiende guns en kennis van ons Meester en Verlosser, Yeshua, Die Gesalfde Een en van God-die-Vader, aan Wie die eer, lof en aanbidding nou en altyd toekom tot in ewigheid. Dit is waar! 2 Pet. 3:18.*

So was dit ook vir my persoonlik 'n geestelike groeiproses om te kom tot beter insig en kennis van die Melgisédek priesterskap. My siening van die derde tempel wat Rabbyne Judaïsme beplan om binnekort te bou, het verander. So byvoorbeeld het ek in my notas van die Torahsiklus van 2013/2014 die bou van die derde tempel en die Levitiese priesterskap ondersteun. Maar vandag waarsku ek teen die misleiding wat gepaardgaan met die bou van die derde tempel en die herstel van die Levitiese priesterorde.

Dit is egter nie almal wat hierdie geestelik groeiproses van my as positief beskou nie. So is ek byvoorbeeld beskuldig dat ek 'my eerste liefde verlaat het' (Open. 2:4) en nou mislei is, asook dat ek verdeeldheid in die geledere van die Messiaanse Beweging veroorsaak! Ander het die siening dat die Melgisédek priesterskap 'n toekomstige priesterskap is.

En so glo ons elkeen dat ons die woord van die waarheid reguit verkondig – reg sny. Ons mag met mekaar in liefde verskil, maar moet besef dat dit uiteindelik 'n situasie is van elkeen wat sy eie heil met vrees en bewing moet uitwerk (Fil. 2:12).

Vir diegene wat wel meer wil leer oor die priesterorde van Melgisédek kan ek die sewe leringe van Matthew Nolan van *Torah To The Tribes* aanbeveel wat beskikbaar is by:



<https://www.torahtothetribes.com/teachings/> Hierdie is aflaaibaar as YouTube videos, of as MP3 oudios en as pdf notas.

Laat ons ook die volgende onthou:

*We can fix the world. That is why we are here at such a time as this. But we cannot do it by arguing theologies, debating philosophies, or fighting over ideologies – Bill Bullock.*

*We cannot see light, but we must have light to truly see. Yeshua Messiah is the Light by which we truly see the will of YHVH !!*

-O-O-O-O-O-O-O-

*Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).*

Shabbat Shalom.  
Johan.

Epos: [kontak@nuwelielied.info](mailto:kontak@nuwelielied.info)

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

*Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.*